**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

*In U lig sien ons die lig.*

J. Heidema
**Kerkstraat 48**
DIE MEES GEëERDE NAAM IN FIETSRY

JAARGANG XXIV | VRYDAG 30 MEI 1969 | NR. 9

## TOKKELOKKE GAAN PERDRY

Dat die mens van vandag fisies eintlik nie so goed daaraan toe is nie, word wyd en syd deur gesaghebbendes gekonstateer. Hierdie stelling se geldigheid gaan dalk 'n stewige knou kry wanneer tien studente van die Teologiese Skool op Potchefstroom op 20 September 1969 te perd van Burgersdorp af wegspring met die doel om twaalf dae later betyds op Potchefstroom aan te kom om om 11 vm. na prof. Chris Coetzee se feesrede te luister.

In 'n onderhoud met mnr. Bertie Pretorius, eerstejaarstudent aan die Teologiese Skool en „Kommandant" van die kommando, het hy die agtergrond van hierdie plan verduidelik — 'n plan wat oorspronklik by hom ontstaan het: mnr. Pretorius vertel dat hy baie graag wou toesien dat die Teologiese studente aktief deelneem aan die feesvierings hierdie jaar. Sy plan om dit te bewerkstellig; naamlik om 'n perdekommando, bestaande uit tien studente, van Burgersdorp na Potchefstroom te organiseer, het dadelik byval gevind. Die Teologiese Studentevereniging het die plan goedgekeur en het aan 'n komitee saam met mnr. Pretorius opgedra om hierdie saak te probeer verwerklik.

Na 'n bietjie soek is daar vyftien perde in die hande gekry en nou sal die verdere reëlings in alle erns begin, sê mnr. Pretorius. Die plan is om van elke gemeenskap waar oornag word 'n groeterapport te ontvang, asook van alle ander Gereformeerde Kerke in die Republiek en S.W.A. Aan „kommandolede" het dit nie ontbreek nie; inteendeel, die manne is vuur en vlam.

Die roete is so beplan dat daar die meeste van die tyd op sekondêre en plaaspaaie gery sal word, behalwe waar nie anders kan nie. Die voorlopige roete is: Burgersdorp, Bethulie, Trompsburg, Reddersburg, Bloemfontein, Soutpan, Bultfontein, Odendaalsrus, Bothaville, Klerksdorp . . . en tuis

Ons besef terdeë wat op ons wag, sê mnr. Pretorius, maar terselfdertyd beskou ons dit ook as 'n uitdaging. Dit sal vir ons 'n voorreg wees om op so 'n manier te simboliseer hoe die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in 1905 van Burgersdorp af verskuif is Potchefstroom toe.

## Prof. W. J. Snyman:
# Owerheid moet nie verwerp word

**DIE CALVINISME ondersteun die beginsel van afsonderlike ontwikkeling mits klein apartheid nie die einde van die beleid is nie en indien dit met eerlike motiewe deurgevoer word, het prof. W. J. Snyman, hoogleraar in Nieu-Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool op 'n J.V.-vergadering gesê. Hy het gepraat oor 'n Calvinistiese owerheid en dit op sekere aspekte van ons regeringsbeleid van toepassing gemaak.**

Op die gebied van samewerking tussen Afrikaans- en Engelsprekendes voorsien hy assimilasie tussen die twee taalgroepe. Afrikaans is egter die sterkste taal omdat dit gewortel is in die Suid-Afrikaanse bodem. „Afrikaans sal wel op die lang duur seëvier maar in 'n verouderde vorm."

Die uitwaartse beleid is Calvinisties omdat ons as ontwikkelde staat hulp aan andere verleen. Die spreker het 'n sterk standpunt ingeneem teen die neiging om op hierdie state neer te sien vanweë hul staatkundige onvolwassenheid.

Die onderwys kan ook as Calvinisties beskou word omdat Christelike onderwys deur wetgewing gewaarborg word. Die staatsskoolstelsel kan nie as die mees Calvinistiese onderrigstelsel beskou word nie en dit verbreek waarskynlik die natuurlike band tussen ouer en kind. Uit vrae aan die spreker het geblyk dat die onderwys in die rigting van privaatskole met staatsonderwysteuning beweeg.

Die spreker het gemaan dat ons nie perfeksionisties moet wees in die sin dat ons die owerheid verwerp indien dit met betrekking tot sekere aspekte nie suiwer Calvinisties is nie. „Ons moet eerder ons Calvinistiese stem laat hoor en help met reformasie."

# Nuwe vere . . . of ,ou' klere?
## Pukke sê hul sê

**'N GEMOR en 'n gepor oor klere en vere? Ja, voorstanders van die maksi en dié van die mini word deesdae in kampe gejaag en selfs die, oor die algemeen sobere, kleredrag van ons Adams, kom ook nou in gedrang.**

Na aandeiding van die dagbladpers en onderskeie klubs wat op ander werwe gestig word — vir's en teen's „was dit baie interessant om te sien wat ons eie studente" oor kleredrag in die algemeen en bepalings vir mans- en damesklere-drag op die Puk in die besonder te sê het. Ons stel hulle self aan die woord:

★ **Saskia Kempff:** Ai, waarom al die vreeslike veldtogte, betogings en opgewondenheid? Almal is tog gelukkig en blink verhaar soos dit is, dan nie? Waarom nou die mans se plesier wegneem en die dames ongelukkig maak? As dit vir hulle lekker is om sekere klere te dra; laat hulle dit dra; elkeen dra mos maar wat hy wil! En al die geklaery, sal dit dinge nie net erger maak nie?

★ **Bertha Vorster:** Die beperking op die manskleredrag is onnodig en onregverdig. As eenvormigheid beoog word, word dit beslis nie bereik nie.

★ **Smof Beetge:** Wat die mans betref, is dit ongerieflik om 'n baadjie en das in die somer te dra al lyk dit ook hoe „netjies". Dit is ook onprakties vir ons lande se klimaat. Die feit dat die dra van safaripakke doodgedruk word, dui op 'n neiging om vernuwing vir die goeie sin teë te werk. Safaripakke is die oplossing omdat dit goedkoop is vir die student. Dit is netjies en prakties vir die klimaat.

Oor die algemeen het mnr. Beetge geen klagtes oor die huidige kleredrag van die dames nie. Dit is heeltemal netjies en gepas met hier en daar enkeles wat die wet oortree.

★ **Marlena Lemmer:** Waarom kan die mans nie safaripakke dra klas toe nie? Die langbroek en das pas tog immers nie by ons Suid-Afrikaanse somerklimaat nie!

★ **Gert van Heerden:** Wanneer reëls vir kleredrag vasgelê word, moet dit konsekwent wees. Ek


* Vervolg op bladsy 3

### Daar he'jy dit




*Na aanleiding van die swak bywoning van monstervergaderings.*

**Die wintertyd bekruip ook die akademie**



*(Foto: Fotokuns).*

# Boekhandelaar doen baie moeite
## Onderhandel met studente

**DIE BERIG oor die swak diens van boekwinkels in Potchefstroom in Die Wapad van 23 Mei 1969 het vure aan die brand gesteek wat nie maklik geblus sal word nie.**

Op 'n blitsvergadering Dinsdagaand in die Frans du Toit-gebou, het studente-afvaardigers, wat verteenwoordigend was van die massa, die studente se klagtes, houdings en standpunte ten opsigte van boekwinkels openlik gestel aan die simpatieke ore van mnre. Hessel en Klaas Turkstra, twee van die direkteure van 'n groot boekhandelaar. Veertig studente, verteenwoordigend van al die koshuise, het opnames onder die studente gemaak oor hoe hulle voel oor die diens wat gelewer word en, gewapen met ondertekende lyste van klagtes, die vergadering bygewoon.

Die vergadering het gevolg na aanleiding van die berig in die vorige Wapad waarnà 'n afvaardiging van 'n boekwinkel Die Wapad genader het vir 'n informele vergadering waar hulle na die studente se klagtes kan luister. Sodanige vergadering is sonder moeite deur oorentoesiastiese studente gereël.

Mnr. H. Turkstra het genoem dat hy die klagtes sien as die barometer van 'n sakeonderneming se sukses, en dat hulle nie op die verdediging uit wil wees nie, maar gekom het om gedagtes te wissel,

* Vervolg op bladsy 3

## Dagstudente bespreek

OP 23 en 24 Mei is 'n konferensie van dagstudente by die Pretoriase Onderwyserskollege onder die leiding van die direkteur vir interuniversitêre skakeling van die A.S.B. gehou.

Die voorsitter van die dagstudentevereniging van die P.U., Leon Wessels, som die bevindinge by die konferensie soos volg op:

★ By alle universiteite is daar probleme met die baie dagstudente en die min deelnemers.

★ Hoe ouer die klub, hoe beter funksioneer dit.

★ By sekere universiteite moet studente wat nie in koshuise bly nie, 'n bedrag by registrasie betaal wat dan die fonds van die dagstudentevereniging sterk.

★ Baie besture het dieselfde tugmagte as die koshuisbesture.

★ Sekere dagstudenteverenigings het selfs 'n beskermheer in die persoon van 'n professor.

★ By sekeres is toetrede tot die vereniging verpligtend, by ander, soos op die Puk, is dit vrywillig.

Mnr. Wessels sê dat baie baat gevind is by die konferensie.

**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

## AFSPRAKE

*Rugby.*

24 Mei — Dorp vs. Drakenstein.
24 Mei — Liberalia vs. Kompleks.
24 Mei — Makouvlei vs. Over de Voor.
31 Mei — Hombré vs. Makouvlei.

11 Junie — PNB.-Eeufeesprogram met spreker dr. A. P. Treurnicht, Frans du Toit-gebou.

Volgende uitgawe van Die Wapad: 20 Junie.


**Goue Weste Inry**

**Tel. 6437**

VRYDAG 30 en SATERDAG 31 MEI
EERSTE VERTONING:
**THE ODD COUPLE**
Jack Lemmon en Walter Mathhau
TWEEDE VERTONING:
**THE BIG GUNDOWN**
Lee van Cleef en Walter Barnes

MAANDAG 2 en DINSDAG 3 JUNIE, VRYDAG 6 en SATERDAG 7 JUNIE (eerste vertoning)
**THE MYSTERY OF THUG ISLAND**
Guy Maddison en Peter van Eyck

WOENSDAG 4 en DONDERDAG 5 JUNIE, VRYDAG 6 en SATERDAG 7 JUNIE (tweede vertoning)
**A DANDY IN ASPIC**
Laurence Harvey en Mia Farrow

MAANDAG 9 en DINSDAG 10 JUNIE, VRYDAG 13 en SATERDAG 14 JUNIE (eerste vertoning)
**ROBBERY**
Stanley Baker en James Booth

WOENSDAG 11 en DONDERDAG 12 JUNIE, VRYDAG 13 en SATERDAG 14 JUNIE (tweede vertoning)
**DEAD OR ALIVE**

MAANDAG 16 en DINSDAG 17 JUNIE, VRYDAG 20 en SATERDAG 21 JUNIE (eerste vertoning)
**THE GUNS OF NAVARONE**
David Niven en Anthony Quinn

WOENSDAG 18 en DONDERDAG 19 JUNIE, VRYDAG 20 en SATERDAG 21 JUNIE (tweede vertoning)
**OPERATION REMBRANDT**

**Potch Inry**

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

MAANDAG 2 en DINSDAG 3 JUNIE, VRYDAG 6 en SATERDAG 7 JUNIE (eerste vertoning)
**THE WIZARD OF OZ**
Judy Garland, Frank Morgan en Ray Bolger

WOENSDAG 4 en DONDERDAG 5 JUNIE, VRYDAG 6 en SATERDAG 7 JUNIE (tweede vertoning)
**WHERE WERE YOU WHEN THE LIGHTS WENT OUT**
Doris Day, Robert Morse en Terry Thomas

MAANDAG 9 en DINSDAG 10 JUNIE, VRYDAG 13 en SATERDAG 14 JUNIE (eerste vertoning)
**VROLIKE VRYDAG 13DE**
Patrick Mynhardt, Reinet Maasdorp, Arthur Swemmer, Johann du Plooy

WOENSDAG 11 en DONDERDAG 12 JUNIE, VRYDAG 13 en SATERDAG 14 JUNIE (tweede vertoning)
**BILLION DOLLAR BRAIN**
Michael Caine, Karl Malden

WOENSDAG 18 en DONDERDAG 19 JUNIE
**THE BRIDGE ON THE RIVER KWAI**
Sir Alec Guiness, William Holden, Jack Hawkins



# die WAPAD

VRYDAG 30 MEI 1969


# *Afrikanerstudent op weg*

DIE komende kongres van die Afrikaanse Studentebond is van beslissende betekenis vir die toekoms van die Afrikaanse studente in georganiseerde verband, veral in die lig van hedendaagse tendense en probleme.

Die temas wat aangesny word, raak die kern van die Afrikaanse volk en probleme waaroor ons moet besin teneinde ons posisie en ideale vir vandag en die toekoms te kan bepaal. Vanuit hierdie kongres moet 'n sterk stem weerklink oor ons volkslewe en veral oor die Afrikanerstudent vandag in sy daaglikse lewe en belangstellings. Negatief sal die kongres beslis standpunt inneem teen almal wat vandag om allerlei motiewe bakleierig probeer om ander af te kam in pogings om 'n magsposisie te verkry en die volk en jeug agter hulle te monster. Positief sal die kongres in ons verwarde tyd riglyne uitstippel en alles in die werk stel om kalm nugter alle faktore en oorweginge in berekening te bring om 'n duidelike toekomsvisie daar te stel.

Die Afrikaanse Studentebond het nie en mag nie nolens volens bang en vreesagtig hom skaar agter hierdie groep of daardie groep, regering of teenstanders nie. Vanuit sy grondslag en in die lig van feite ens, nou tot sy beskikking sal die Bond selfstandig 'n standpunt formuleer.

Daar is groepe en persone wat die Bond graag op sy knieë sou wou sien — dit hoef ons nie te verbaas nie: enigeen kan vandag onder skoot kom as jy onbevrees 'n standpunt stel, hoe voorlopig ookal — maar ons mag nie toelaat dat ons misbruik word en gedwing word in rigtings waarin ons dalk nooit sou wou gaan nie!

**Persvrees**

Die Bond was miskien in die verlede al te bang gewees vir wat die pers sou sê. Mag die aanwesigheid van die pers by die kongres tog geen invloed hê op die besprekinge van vanjaar nie!

Ons vertrou dat 'n groot aantal Pukke die kongres wil bywoon. Die Pukke het werklik iets wat hulle wil sê!


## REDAKSIE

**Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039**
**Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039**
**Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050**
**Subredakteur: Dirk Laufs — tel, 4638**
**Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477**
**Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —**
**Sportredakteur: Johan Preller — tel. 6701**
**Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071**
**Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039**
**Eeufeesredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071**
**Sirkulasiebestuurder: Vakant —**
**Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019**
**Mede-Fotoredakteur: Du Preez Martins**
**Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019**
**Advertensiebestuurder: Johan ligthelm — tel. 5553**
**Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.**
**SPORTVERSLAGGEWERS:**
**Izak van Rensburg; Henk Coetzee; Chris Conradie; Hennie de Villiers; Piet Kruger; Pieter Oosthuisen; Ria de Klerk; Ben van der Walt.**
**AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:**
**Erna Arnold; Rika van der Walt.**
**KUNSVERSLAGGEWERS:**
**Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.**
**POLITIEKE VERSLAGGEWERS:**
**Douw Kruger; Zak Ferreira; Henri Murphy.**
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:**
**Amalia du Plessis; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlena Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel; Retha le Roux.**



**T. G. KRüGER EN SEUN**
Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom
EIENDOMSAGENT
*Vir verkoop van*
★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.
Lenings gereël

**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
**HUIS EN TUIN**
**(Langs Volkskas op die Bult)**
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS


## Uit die Woord

### „BEHOORLIK" IN GEDING

*1 Tim. 2:9: „So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding..."*

*Die woord „betaamlik" het in ons tyd 'n min of meer niksseggende betekenis gekry. Dit kan na weerskante toe gerek of gekrimp word, na gelang van elkeen se oortuiging.*

*Wanneer sekere omstandighede die neerlê van reëls vereis wat eksesse in kleredrag aan bande moet lê, dan kom die instansies wat daarmee gemoeid is gewoonlik gou tot hulle verdriet agter dat 'n sódanige kwalifisering hulle nêrens bring nie. Dit laat 'n waenhuisdeur waardeur elkeen na hartelus kan glip. Wat vir die een aan obseniteit grens, mag vir die ander Viktoriaans preuts wees. Om nie 'n bespotting van sulke regulasies te maak nie, is al uitweg op-die-punt-af spesifikasies.*

*Ons leef egter in 'n (om die geykte Engelse term te gebruik) „permissive society", en alle aanduidings is dat die maatlyne van die toekoms ook al korter sal word. Dit bring vele daartoe om die kontensieuse saak van kleredrag liewer as 'n persoonlike saak te sien wat aan elkeen se eie gewete en smaak oorgelaat moet word.*

*Paulus rig hom hier spesifiek tot die vroue, en hy vind dié persoonlike saak blykbaar publiek genoeg om via Timothéüs aan die gemeentes van Klein Asië daaroor te skryf. Wat meer, hy vind dit gladnie vaag of onnoukeurig deur te praat van „behoorlike" kleding nie. Sou hy nie daaraan gedink het dat dit vatbaar is vir meer as een interpretasie nie?*

*Die Bybel is egter nou eenmaal geen kodeks vol wetsartikels nie. Ewemin is hy 'n paspoort vir losbandigheid.*

*Wettisisme en liberalisme loop hulle altwee daarteen te pletter!*

*Maar: Christus het ons vrygemaak. Daarom is „behoorlik" vir Paulus voldoende, sê dit alles wat nodig is, bind dit die gewetes meer as enige wet.*

*Immers: Die woorde is gerig tot die vroue van die gemeente. Dit is húlle wat deur Hom met 'n nuwe kleed oordek is en in alles dááruit moet lewe.*

*M.J.L.*

## DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

EK is eenvoudig maar 'n man, maer, 'n bietjie lelik, en ek glo aan die opwinding van elke onbekendheid. Daarom sou ek u graag saam met my wou neem in vreemde sfere; ek sou u wou vertel van wilde togte saam met Don Quixote — voordat hy soos 'n goeie Christen gesterf het; ek sou met u wou gesels oor die aristokrasie van afgesonderdheid, ja, oor aristokrate self, oor bulvegters en breingimnaste; en ek sou heerlik aan die praat wou raak oor 'n idilliese ontvlugting, eksotiese eensaamheid en 'n pikareske wêreld wat u nie ken nie. Kortom: ek sou u 'n onvergeetlike ervaring saam met my wou belowe. Maar helaas, ons lewe in die koue wetmatigheid van realisme en logika, ons lewe in 'n vreemde en vreeslike wêreld waar daar min tyd is vir menslike begrip. Daarom bly daar net een alternatief oor: ons verbloem ons erns in spel. Ons maak dit 'n spel met woorde, van woorde, en 'n spel in woorde. Ek onderneem om tussen woorde rond te vroetel, om aan te hou peuter met woorde en om somtyds, net somtyds 'n bietjie te kierang met u.

En u, wat my deelgenote is in hierdie onderneming? O, ek sien u voor my, elke gesig met 'n naam — klein wasige eilandjies in 'n groot poel van afwesigheid. Die mans met stoutigheid in hulle oë, die dametjies met knietjies en toontjies, 'n mond, tong, neus en oë — elkeen met die heerlike gawe van ontroering.

Maar voordat ek begin skryf het, het ek aanvanklik getwyfel. Waarom sou ek skryf? Waaroor sou ek skryf? Hoe sou ek skryf? Sou daar 'n onbaatsugtige liefde gevind word vir die woord, die mooi woord? Sou daar weerkaatsing gevind word vir 'n drif tot eksperiment en stigting in 'n grammadoelawêreld van geleerdheid, pseudogeleerdheid, onbelangstelling en baie koffiekanne? Sou ek kon ghaai met u bewondering vir elke suiwer vorm van humor?

Sou ek die skoonheid van die woord laat botvier bó die betekenis daarvan?

Nog meer vrae het begin suie aan die ink uit my pen. So angstig dat selfs ek 'n bietjie verstom gestaan het.

Toe het ek by 'n put gaan staan, afgekyk, en somber probeer om my eie motiewe te peil. Die water het oor die dowwe prent van my gesig in die put gerimpel. Ek het teruggedraai en my pen in die ink gedoop. Toe het ek besluit: ja, ek sal. Ek sal skryf ter wille van die ontroering van singéwing, ter wille van die onberekenbare diepte in elke eerlike poging tot skepping, ter wille van die opwindende uitdaging van 'n uitbreek na ander wêrelde. En ter wille van die vloek van 'n halwe talent.

## Vesting val

IN 1910 word jongedames toegelaat om vir die eerste keer klasse by te woon, maar mag nie as studente inskryf nie.

## Prikkel tot besinning




## Hoofredakteur bedank

DIE hoofredakteur van Die Wapad, mnr. Jan-At Kruger, het vandeesweek bedank. In 'n skrywe aan die Studenteraad sê hy dat die belangrikste rede vir sy bedanking sy „tot dusver afgeskeepte akademiese verpligtinge" is. Hy skryf ook dat hy hom nie geheel en al aan Die Wapad-redaksie onttrek nie en veral, waar nodig, nog met die tegniese versorging van die blad behulpsaam sal wees.

In die skrywe bedank hy die Studenteraad en die koukus wat hom in die geleentheid gestel het om met die koerantwese — al is dit in klein formaat — kennis te maak.

Na verwagting sal die Studenteraad binnekort 'n nuwe hoofredakteur benoem.

## NUWE VERE

* Vervolg van bladsy 1

meen safaripakke is geskik, sê mnr. Van Heerden.

★ **Amanda Joubert:** Ek het dit nie soseer teen die regulasies wat net 'n spesifieke aantal duime bokant die asters se knieë wil toelaat nie. Dit word buitendien nie in so 'n groot mate oortree nie. Ek het dit meer teen die tradisie-vastheid wat so in die mans se klere sit. 'n Langbroek en baadjie is funksioneel in die winter, maar wat is fout met 'n netjies safaripak in die somer? Of sou ons te kortsigtig wees om te erken dat bogenoemde tradisie met welslae kan plekmaak vir nuwe dinge?

★ **Bea Marais** beskou die regulasies as 'n aanbeveling of teregwysing wat in die plek van 'n mens se ouers gedoen word — die owerheid gee leiding.

★ **Gawie Celliers:** Die mini is pragtig. Die dra daarvan is 'n saak vir die persoon wat dit dra. Mnr. Celliers voel ook oortuig daarvan dat wanneer geen beperkings gestel word nie, almal beter sal aantrek. Regulasies moet nie afgedwing word nie — dit demp spontaneïteit.

★ **Thelma du Toit:** Baie kla dat die C.H.O. agter P.U. vir die skyn daar is en as die owerheid iets daaromtrent doen, is die reaksie negatief.

★ **Johan Yssel:** Die student is veronderstel om so goedkoop moontlik te studeer. Met al die baadjies en langbroeke wat hy nou moet dra, is dit onmoontlik.

★ **Louis van Wijck:** Mans kan enigiets dra, sokkies moet net 'n vereiste wees! ★

# S.R.-voorsitter aan die woord


DAAR is beslis baie faktore wat daartoe bygedra het dat die belangstelling van die studente in massavergaderings afgeneem het. Dit sal egter weinig help om nou alleen te vra wat is fout. Die feit is dat die belangstelling in massavergaderings en wat daar bespreek word so swak is, dat dit byna nie meer sin het om so 'n vergadering aan te bied nie.

Dit is egter ook 'n feit dat dit die ernstige strewe van die Studenteraad is om sover moontlik vernuwing te bring ten opsigte van hierdie saak, omdat massavergaderings wat in hulle doel slaag, 'n element van onskatbare waarde in die studentelewe kan wees. Hierdie ideaal van die Studenteraad kan egter nie verwesenlik word sonder die samewerking van die studentemassa in geheel nie. Ek wil die hoop uitspreek dat daar gedurende die origge gedeelte van die termyn soveel van hierdie saak tereg sal kom dat daar met vrymoedigheid in die toekoms met hierdie saak voortgegaan sal kan word. Dit hang van elke Puk-student af wat die toekoms van massavergaderings sal wees.

### Gedenkteken

Die Studenteraad wil die hoop uitspreek dat die gedagte om namens die studente van 1969 'n gedenkteken op te rig as bydrae tot die Eeufeesvierings, algemeen byval sal vind by die studente. Ons wil dan ook langs hierdie weg 'n baie vriendelike beroep doen op u om by te dra met die oog op die oprigting van hierdie gedenkteken. Dit gaan nie om die grootte van die bedrag wat u bydra nie, maar om die gesindheid wat daardeur geopenbaar word. In hierdie saak kan ons blyke gee van ons trots om studente van hierdie Universiteit te wees, blyke van ons vreugde en dankbaarheid om in hierdie eeufeesjaar hier te mag studeer, blyke van ons roepingsbesef met die oog op die toekoms. Dit is dan ook ons bede dat die simboliek van hierdie gedenkteken ook die simboliek van die studente van ons Alma Mater sal wees — studente wat kom om te help bou aan 'n stewige vesting van universitêre opleiding; studente wat roepingsbewus hier weggaan om die Lig van Gods Woord in die uitoefening van die Christelike wetenskap steeds verder te dra.

Die bydraes met die oog op die oprigting van hierdie gedenkteken kan afgedra word by die sekretaresse van die Studenteraad.



## KOM SPEEL GHOLF

'n DRUK program word vir die gholfklub in die vooruitsig gestel vir 1969. Die eerste belangrike kompetisie is die klubkampioenskappe op 7 Junie 1969 by die Potchefstroomse Buiteklub. Die kompetisie neem om 7.30 vm. 'n aanvang en alle gholfspelers word vriendelik uitgenooi om deel te neem.

Spelers wat belangstel, moet inskryf by mnr. Hugo Lombard (dept. farmaseutika) voor Vrydag 6 Junie.

Die kompetisie sal in drie afdelings beslis word: Afd. A — spelers met voorgee 0—9; Afd. B — spelers met voorgee 10—18 en Afd. C — spelers met voorgee 19—27.


Verder word wedstryde teen U.P., R.A.U., Weermag en Intervarsity teen U.O.V.S. in vooruitsig gestel 'n Kort plaaslike toernooi vanaf 3—5 Julie geniet ook aandag.

# AANBEVELINGS OOR P.U. - A.S.B.

**OP 'N VRAAG van Die Wapad waarom dit voorkom asof die A.S.B. homself meer op die agtergrond op die P.U.-kampus hou, het mnr. Callie Coetzee, voorsitter van die Studenteraad en van die A.S.B.-komitee, gesê dat die A.S.B. op die Puk sy werksaamhede deur die hoofliggame van die Studenteraad doen en dat dit die indruk kan skep dat die A.S.B. op die Puk baie onaktief is.**

Die hoofliggame van die Studenteraad stem ooreen met die indeling van die departemente van die A.S.B.-hoofbestuur, Alhoewel dit nie altyd duidelik gemeld word nie, word die verskillende aspekte van die studentelewe nog deur die A.S.B. behartig soos dit voorheen die geval was.

Volgens mnr. Coetzee is die Puk die enigste universiteit waar die A.S.B. op hierdie wyse te werk gaan. Daardeur word die studente geaktiveer en kom die A.S.B. prakties meer tot sy reg. Die stelsel het egter ook sy nadele en mnr. Coetzee sal aanbevelings by die komitee doen sodat dit reggestel kan word.



*(Foto: Staptoergroep)*

*Een van die vele kranse is oorwin, en die manne het rede om te glimlag. Van links na regs kan Bertie Pretorius, Flip Buys en Jan Venter met reg sê, Koffiebaai, jy is ons enige.*

## BOEKHANDELAAR

* Vervolg van bladsy 1

want dan kan daar progressief in 'n rigting beweeg word. „'n Ooreenkoms kan net bereik word deur dat die direksie en bestuur bewus gemaak word van die klagtes en ontevredenheid".

Kobus Booysens, derdejaar regstudent, het ter inleiding gepraat, waarna twaalf studente wat verteenwoordigend was van die fakuteite lettere en wysbegeerte, natuurwetenskappe, teologie, opvoedkunde, regte en ekonomiese wetenskappe, hul klagtes voorgelê het. Die studente was van al die verskillende jaargroepe.

Afgesien van die klagtes wat voorgelê en voorgelees is, is daar ook enkele aanbevelings van die studente se kant af gemaak. Leo van Schaik, B.A. (Prop.) 11, het gevra na die moontlikheid van 'n kaartjiestelsel soos by ander groot boekhandels wat studente bedien, want dit sal baie onreëlmatighede en ongerief uitskakel. Daar is aangedring op meer persoonlike diens. 'n Vraag wat baie van die studente gestel het, was of die **diensmotief** nie vergeet word en die **winsmotief** oorwegend word nie.

Mnre. Turkstra was baie tegemoetkomend en het geduldig geluister na die soms baie warm klagtes wat aan hulle voorgehou is. Die studente is verseker dat die saak aandag sal geniet en dat 'n poging aangewend sal word om die baie klagtes en groot ontevredenheid te elimineer. Daar is met 'n baie simpatieke oor geluister na skerp kritiek wat woorde soos „laksheid", „onregverdigheid", „verskonings", „voorwendsels", ensovoorts bevat het.

Op hulle beurt het die studente heeltemal geneë geluister toe die boekhandelaar se saak gestel is, en daar op die baie praktiese probleme van 'n boekwinkel gewys is.

Dit is duidelik dat die hele aangeleentheid ondersoek was nog voordat die berig in Die Wapad verskyn het.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom

ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES BENODIG

★ Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

PRO REGE - PERS BEPERK

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

## 20th Century

VRYDAG 30 en SATERDAG 31 MEI
**THE LEGEND OF LALAH CLARE**
Kim Novak, Peter Finch

MAANDAG 2 en DINSDAG 3 JUNIE
**GAMES**
Simone Signoret

WOENSDAG 3 en DONDERDAG 5 JUNIE
**IN ENEMY COUNTRY**
Richard Johnson

VRYDAG 6 en SATERDAG 7 JUNIE
**DANGER ROUTE**
Tony Fransiosca

MAANDAG 9 en DINSDAG 10 JUNIE
**SHADOWS OF TIRAN**
Robert Fuller

WOENSDAG 11 en DONDERDAG 12 JUNIE
**THE LONG DUAL**
Yul Brynner

VRYDAG 13 en SATERDAG 14 JUNIE
**A LOVELY WAY TO DIE**
Kirk Douglas en Sylvia Koscina

MAANDAG 16 en DINSDAG 17 JUNIE
**JULES VERNE'S ROCKET TO THE MOON**
Burl Ives en Troy Donahue

WOENSDAG 18 tot SATERDAG 21 JUNIE
**COOL HAND LUKE**
Paul Newman

## SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

JA, waar is 'n smart soos my smart; waar kan daar 'n verlange wees soos myne...? Dit is die treurige deuntjie wat **Gertruida Henning** sing want haar **Ryno Schutte** is in die kamp, maar die blye belofte vir háár is hy dat hy hom volgende jaar by haar sal kom aansluit ... op voorwaarde!

**Faan de Kock** glo blykbaar nie aan die leuse: skoenmaker hou jou by jou lees nie. Nee, fisies en geestelik wíl hy sorg vir die welstand van dierbare **Lynette Coetzee.** Toemaar, moenie kwaad wees as dit net andersom is nie — mense maak maar foute...?

Dan is daar deesdae 'n ou wat sy regsake by onse verpleegstertjie, en sý Florence Nigthingale die ene **Annetjie van Tiddens,** bepleit en..., die vlerksleper is **Bennie Brummer.**

Ai ja, en Florna het ook sy doel gedien in die geval van **Elsa Lindes** en **Sarel Roets** — hy het maar net begin om haar slaapsak vir haar te dra ... en dis al...!

Terwyl ons dan nou besig is met samesang, kan ons net sowel saam met **André Coetzee** sing: My hart verlang na die Boland...; en dan sal **Retha le Roux** sweerlik saam inval om 'n geswore duet te vorm.

Dan is daar 'n kys wat ontstaan het toe die wêreld nog baie jonk was. Om so lank te hou moét dit mos eg wees, of wat praat ek tog, **Tokkie? Sý, Tokkie du Plooy** het trou gesweer aan **Louis** van **Van derbijlpark** en geeneen, selfs nie Onasis met al sy rykdom en Jacky aan die eenkant sal haar van haar voetstuk kan lig nie.

Daar kom die Alabama, die Alabama die kom ... ai, ja Molly dit sal ook alewig pla...! Dít is nou een klag wat **Molly Smith** teen die Alabama kan inbring, dit rokkel altyd vir **Jo Fourie** weg en dan moet sy as... amper sê ek dit, agter bly.

Ja, dit noem ek nou samewerking ... die Puk is nie 'n katjie om sonder handskoene aan te pak nie en nou pak **Elsabé van Wyk** en **Kerneels van Niekerk** dit aan met víér hande en víér handskoene aan .. dan kan mens ook seker wees van 'n oorwinning, so sê hulle.

Soos alle mense kan ek soms ook wonder... wat was vir **Jannie Koekemoer** die grootste trekpleister na Potch..., die pos by die fisika departement of **Nellie Vorster**?

En met hierdie mooi slot vandeesweek groet ek tot volgende keer!

**DIE BULT-HAARKAPPERS**
MANS EN DAMES
*Eienaar: G. Schoonhoven*
Tomstraat 86b - Tel. 5136
Na ure: 6056

DIE
**INSLEEP RESTAURANT**
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# NOG 'N PLAAT VIR ALABAMA

**ALABAMA het die afgelope naweek 'n besoek aan Johannesburg gebring en die resultaat — 'n tweede langspeelplaat. Die plaat, „Revue '69", sal voor Julie verskyn. Dit sal terselfdertyd dien as reklame vir die beoogde toer. 'n Tweede plaat word na die toer beplan.**

Op die plaat is twaalf liedjies waarvan sewe in Afrikaans is. Twee van Johan van Rensburg se komposisies, wat alreeds aan Pukke bekend is, word ook op die plaat gehoor: dit is *Ek is 'n lawwe meisiekind* en *As ek en jy in die maanlig ry.* Die opname is gedoen in die ateljees van Dan Hill.

Volgens die lede van die toergroep was dit harde werk — maar lekker. Hulle moes Vrydagnag tot skuins voor middernag hulle stemme verhef. Die opname is Saterdagoggend voltooi. Die hele groep het in die klankdigte ateljee versamel, waar elke klankgroep van 'n mikrofoon voorsien is. Daarna is daar gesing en herspeel en gesing en herspeel totdat die gewenste resultate verkry is.

Grappige insidente was daar wel — soos die keer toe een van die koorlede uit pure konsentrasie 'n potlood middeldeur gebreek het, en die kontroleur se „Who has dropped what?" wat daarop gevolg het.



*Druiwe (Les raisins), een van die kunswerke wat uitgestal word in die Frans du Toit-gebou.*
*(Foto: Fotokuns).*

# *Perkamentpraatjies*

## HEILIGE EENVOUD VAN DIE MAN

DIE groot Nederlandse digter, A. Roland Holst, het sowat twintig jaar gelede 'n besoek aan Totius gebring. Dit was die eenvoud van hierdie groot man wat hom die meeste opgeval het. Hierdie „heilige eenvoud van die man" sien hy as die rede waarom Totius later die volksgewete beliggaam het.

Hy voel hom nie bevoeg om die waarde van sy digterskap te bepaal nie, maar vind dat hy in die digkuns sy mens-wees verwesenlik — iets wat in die verwarde wêreld van Wes-Europa nouliks meer moontlik is.

Totius bly vir hom 'n dienaar wat vir homself niks eis nie: waardig en beskeie, streng teenoor homself, maar toegewend teenoor ander. Die ontroerende vriendelikheid waarmee hy hom in sy beskeie woning ontvang het, sal hom altyd bybly, sê hierdie groot digter uit Europa.

„Prof. Dekker had mij het kleine gebouwtje (nauwelijks meer dan een hut) gewezen, dat de dichter geschonken was door de Curatoren van de Theologische School, en waar hij de laatse negen maanden aan dat werk (Psalmberijming) besteedde. Zoals hij zelf getuigde: ‚Die heugenis daarvan sal in my gemoed altyd wegsmelt soos 'n sagte salf'. — Toen wij buiten het woonhuis afscheid namen, ging ek nog even kijken. Door de late zon verlicht scheen het zoveel ouder dan hijzelf; het had uit de tijd en het land kunnen zijn van die gezangen, die hem als het ware tot altaar werden van zijn offer. Het was mij het gegeven teken van een inkeer, waarin de barre wereld niet ontvlugt was, maar besworen."

## Feestelikheid

LIBERALIA-DAG, dit is die dag van 21 Junie! Dáárdie dag gaan die manne probeer om die koue se klemmende vingers so 'n bietjie oop te buig met al die vrolikheid wat daar op Liberalia-kampus gaan wees.

# OU KUNSVORM IN FRANS DU TOIT UITGESTAL

**'N AANTAL tapisserië, verteenwoordigend van die wêreld se grootste versameling van hedendaagse Franse tapisserieë, word tans in die Frans du Toit-gebou uitgestal. Hierdie ou kunsvorm beleef tans 'n nuwe era, en die tapisserieë is nie meer weergawes van reeds bestaande skilderye nie, maar 'n skeppende kunsvorm in eie reg. Hiervan getuig die groot aantal ontwerpe.**

Een van die mees opvallende doeke, is 'n abstrakte weergawe van 'n kasteel in Provence. Die hoekige lyne dui die stewigheid van die kasteel aan, terwyl die reëndruppel die wynbouer se afhanklikheid van reën simboliseer.


Die essensie van die tapisseriekuns is dat die kunstenaar en die wewer moet saamwerk en die kunstenaar sy ontwerp moet aanpas by die beperkinge van die wol en die weeftegniek.

Wol het ook 'n eie aard en karakter en veral die kleurstowwe moet versigtig gekies word om hierdie aard nie te verloën nie. Tog is dit opvallend watter ryke verskeidenheid van kleure gebruik word.

Le Corbusier beweer in verskeie van sy boeke dat tapisserieë in ons eeu die plek van muurskilderye gaan inneem.

Die werk wat seker die grootste indruk maak, is „Hommage à Garcia Lorca" waarin hulde gebring word aan die Spaanse digter. Die vurige hoof van 'n stier herinner 'n mens aan een van sy vele gedigte oor stiergevegte:

*Reeds bulk die bul agter sy bleek*
*voorkop vyfuur in die middag.*
*En die vertrek is één spitspunt van*
*die smart vyfuur in die middag.*




'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD
**NASIONALE BOUVERENIGING**

U
HOEF
NIE
MAAR
U
KAN
BETER KOOP
BY
UNIEWINKELS
VERSKAFFERS
VAN
P.U.-KLEURE

# Instituut help groot aantal mense

**BENEWENS die gewone groot aantal saaklike onderhoude aan hulp- en inligtingsoekende studente en persone buite die Universiteit, is gedurende 1968 aan 440 gevalle by die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing vollediger aandag geskenk.**

In die jaarverslag van die Instituut word genoem dat die groottotaal insluit tien voorskoolse kinders (hoofsaaklik met gedragsprobleme en vir die bepaling van skoolrypheid); 36 laerskoolkinders (met gedrags- en leerprobleme); 218 hoërskoolleerlinge (veral vir beroepstoetsing); 136 studente (met kursus-, studie-, beroeps-, lewensbeskoulike en persoonlikheidskwellinge); en vyftig volwassenes (hoofsaaklik met persoonlikheids- en huweliksprobleme).

Die 440 sluit onder meer ook 34 gevalle in wat Aurelle- plus kliniese behandeling ontvang het (stotteraars en disleksie-gevalle), terwyl die totaal van 136 studente die groep voornemende studente in verpleegkunde insluit.

Baie nuwe psigametriese materiaal en apparaat is aangekoop — ook met die oog op navorsing wat onderneem word. 'n Nuwe, gewysigde en veel meer akkurate en plooibare apparaat, wat op grond van ervaring met pasiënte met spraakgebreke (en die bestaande Aurelle) ontwerp en gebou is, word eersdaags ook in gebruik geneem. Daar word nog beoog om ander gespesialiseerde apparaat in die nabye toekoms aan te koop om by hierdie basiese apparaat in te skakel.

## Goeie nuus

Skermklub herstig. Oefen Maandag- en Donderdagaande vanaf 7.00 nm. in Hoofgebou. O.l.v. mnr. Eric Wilson van Stilfontein.

ALMAL WELKOM

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

JOUBERT MEUBELS

Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM

Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING

Ons spesialiseer in die verskaffing van **Jongste Plaat-opnames**
*Kom besigtig ons groot reeks*




# 'n Goudstad-baba.

In 1889 was Johannesburg 'n stowwerige, rumoerige paddastoeldorp. Snags deur kroeglampe belig, bedags deur The Star. Die Argus-maatskappy het in 1889 sy eerste lig hier gesien.

Sedertdien het Johannesburg 'n kolos geword. Die Argus-groep van publikasies ook. In 1889 het ons met twee klein koerantjies gespog: The Cape Argus, wat reeds in 1857 in Kaapstad gebore is en The Star (voorheen Eastern Star) wat in 1887 in Johannesburg die lig gesien het. Tans bestaan ons uit nege groot koerante en ses beroemde tydskrifte.

Net soos Johannesburg die sakesentrum van Afrika geword het, het die Argus-groep van publikasies die grootste koerantorganisasie in Afrika geword, met 'n plaaslike en buitelandse nuusdiens wat by die wêreld se beste kan kers vashou.

*Koerante:* **The Star. The Cape Argus. The Daily News. The Sunday Tribune. The Pretoria News. The Friend. Diamond Fields Advertiser. World. Ilanga.**

*Tydskrifte:* **Personality. Femina. Farmer's Weekly. Garden and Home. Photography and Travel. S.A. World of Sound.**

**a**

**Die Argus-groep van publikasies.**
**Ons stem is Suid-Afrikaans. Ons visie wêreldwyd.**

# HARDE (EN VUIL) RUGBY IN KOSHUISLIGA

**DIE KOSHUISLIGA het verlede Saterdag weer 'n paar kenmerkende harde wedstryde opgelewer. So taai was die mededinging, dat die twee belangrikste wedstryde, dié tussen Liberalia en Kompleks en tussen Dorp en Drakenstein, albei gelykop geëindig het.**

In 'n mooi en skoon wedstryd het Over de Voor verdien om teen Makouvlei te wen met 11—5 omdat die Makouvleiers nie hul kanse beter benut het nie. Alhoewel Makouvlei gebiedsvoordeel geniet het, kon hulle dit nie afrond nie.

Johan Kriek het 'n mooi wedstryd op losskakel gespeel en met sy gevaarlike skopvoet twee skepdoele en 'n vervyfskop oorgeklits. Etienne Bruwer het 'n opportunistiese drie gedruk.

Die wedstryd tussen Liberalia en Kompleks was hard en die spanne het mekaar deurentyd goed opgedreun. Liberalia se voorspelers het in die vaste spel ietwat van 'n voordeel geniet maar kon dit nie suksesvol uitbuit nie. In die agterlyn het sake anders verloop en daar was nie veel agterlynbewegings nie.

Op losskakel het Johan Hunter skitterend gehardloop en geskop. Nà hierdie wedstryd kan hy tereg as die Puk se beste losskakel beskou word. Ook Hennie Pieterse was onverbeterlik in die voorry. Kompleks het 'n doel, drie en skepdoel verkry teenoor Liberalia se doel, strafdoel en skepdoel. Dit het die telling op 11 elk te staan gebring.

Die wedstryd tussen Dorp en Drakenstein is gekenmerk deur geniepsigheid en laagvatte aan beide kante. Dit het niemand verbaas toe skrumskakel De Waal van Drakenstein net na rustyd van die veld afgestuur is nie. Albei kapteins kan verantwoordelik gehou word vir hierdie geniepsige spel. Alhoewel Drakenstein 'n groot deel van die wedstryd met slegs dertien spelers moes klaarkom, het hulle die meeste van die aanvalswerk gedoen en was hulle ongelukkig om nie te wen nie. Al die punte is deur strafdoele aangeteken.

Hombré het sy eerste oorwinning in die koshuisliga behaal deur met skitterende samespel vir Landboukollege van hulle voete af te speel. Hombré het soveel drieë gedruk dat dit by tye gelyk het of daar net een span op die veld was. Die telling was 24—0.

In die B-liga was die uitslae soos volg: Dorp — 12, Liberalia — 0; Makouvlei — 3, Kompleks — 0; Drakenstein — 11, Over de Voor — 3.

*(Dit het onder die aandag van Die Wapad gekom dat daar ontevredenheid heers omdat die name van Huis Izak Meyer, die Landboukollege en Here XVII genoem word wanneer die puntestand van die ligas gegee word, omdat hulle nie die beker sou kon wen nie. Dit is egter die doel van Die Wapad om alle spanne wat aan die ligawedstryde deelneem se stand aan te toon — Sport-red.).*

## Dames wen

DIE eerste dameshokkiespan het die afgelope naweek teen **Goldfields** gespeel en het as onbetwiste oorwinnaars uit die stryd **getree**. Die telling was 5—2.

Anna Venter, wat pas van 'n armbesering herstel het, **het goed** vertoon en 'n mooi spel gespeel. Sy en Martie Yssel het die doele aangeteken. Die tweede span het 'n taai stryd teen **Strathvaal gehad**. Hulle kon daarin slaag **om** een keer deur te breek en **klop Strathvaal** met een doel **teen nul**.

## Netbal: Pukke presteer

DIE Wes-Transvaalse netbalproewe is hierdie naweek op Klerksdorp gespeel. Die Puk het drie speelsters, Hettie Kruger, Ria de Klerk en Trina Roestorf in die voorlopige A-span gehad.

In die voorlopige B-span is daar vier Pukke: Corrie Venter, Hannie de Kock, Gerty van Staden en Annelie Keever. Hierdie speelsters sal eersdaags op Welkom aan die inter-provinsiale netbaltoernooi deelneem.

Daar is ook 'n onder 25-span gekies en hier het vier Pukke die paal gehaal. Hulle is Laura Kruger, Tilla Maré, Joey Scheepers en Marietjie van Jaarsveldt.

## Stoeiers op nuwe mat


DIE Puk-stoeiers het Vrydag 9 Mei met die gekombineerde span van Klerksdorp en Stilfontein oortuigend verslaan met 'n puntetelling van 16—10.

Die Puk-stoeiers was oor die algemeen minder fiks as die besoekende span (vanweë akademiese gebondenheid) maar het **hul goed** van hul taak gekwyt deur met uitmuntende, wetenskaplike stoei vorendag te kom.

Daar was 9 gevegte van 10 minute elk en die Puk-wenners was soos volg: Johan Lemmer (wen met val); Etienne Bruére (wen met punte); Jafta Engelbrecht (stoei 2 gevegte en wen beide met valle); Pierre Jacobs (wen met val) en Ben van der Walt (wen met val). Bennie van Zyl en David Lombaard se gevegte eindig gelykop.


U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)



GEE 'N MAN 'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË


*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*